- 1 2 2 Slegs bydraes wat aan die stylvereistes voldoen word oorweeg vir publikasie. Waar twyfel bestaan oor die toepassing van die stylvereistes moet die betrokke teks geel geligstreep word. **Outeurs moet asseblief die volgende kontrolelyns gebruik voor die bydrae ingedien word:**
 - die hoofopskrif bevat die titel, die outeur se naam, kwalifikasies, en institusionele affiliasie
 - alle opskrifte is opeenvolgend genommer sonder outomatiese numering; opskrifte is nie onderstreep nie; paragrawe is geskei deur inkeping aan die begin van elke nuwe paragraaf, en nie deur 'n spasie nie
 - voetnote is deur middel van outomatiese numering opeenvolgend genommer; voetnote is nie geskei deur 'n oop lyn nie; voetnote verskyn aan die einde van elke bladsy van die bydrae en nie heel aan die einde van die bydrae nie
 - die akkuraatheid van aanhalings is gekontroleer en verwysings voldoen aan die stylvoorskrifte
- 1 2 3 Outeurs wat hul posadres aan die redakteur verskaf, sal kopieë van hul bydraes ontvang, sowel as 'n kopie of kopieë van die relevante uitgawe(s) van die tydskrif.

1 3 Keuring

In beginsel word alle bydraes voorgelê vir publikasie deur ten minste twee keurders gekeur en word die identiteit van die outeur en die keurders vertroulik gehou.

1 4 Eenvormige styl

Tensy anders vermeld, geld die stylvereistes vir alle kategorieë van bydraes genoem in 1 1 hierbo.

1 5 Bladgelde

Bladgelde kan gehef word. Daar sal met individuele outeurs hieroor in verbinding getree word. Die tarief is R65,00 per bladsy met 'n minimum van R650,00 vir volledige- en resensie artikels en R450,00 vir aantekeninge en vonnisbesprekings. Hierdie bedrae is onderhewig aan verandering.

2 Titel en outeur(s)

2 1 Titel

2 1 Alle bydraes moet van 'n kort, beskrywende titel voorsien word.

2 1 1 In die geval van resensie-artikels (1 1 2) en vonnisbesprekings (1 1 4), moet die titel gevolg word deur die volgende beskrywing in vierkantige hakies.

Voorbeelde

[Resensie-artikel van *Law and Sacrifice: Towards a Post-Apartheid Theory of Law* deur Johan van der Walt. Wits University Press Johannesburg 2005. xii en 305bll. Prys R190.00 (sagteband)]

[Bespreking van *Steenkamp NO v Provincial Tender Board, Eastern Cape 2007 3 SA 121 (CC)*]

2 1 2 In die geval van boekresensies (1 1 6) moet die titel beskrywend van die boek wees en in die volgende formaat uiteengesit word:

Administrative Law in South Africa deur Cora Hoexter. Juta & Kie Kaapstad 2007. xl en 560 bll. ISBN 9780702176715. Prys R395.00 (sagteband)]

2 2 Outeur(s)

Die volgende besonderhede verskyn na die titel van elke bydrae in kategorieë 1 1 1 – 1 1 4:

- naam van die outeur
- die outeur se akademiese kwalifikasies (tensy die outeur 'n lid van die regterlike gesag is)
- 'n aanduiding van die outeur se huidige posisie en institusionele affiliasie
- indien persone vir hulp bedank word, of institusionele bystand erken word, moet die uiteensetting van die institusionele affiliasie gevolg word deur 'n asterisk (*); die asterisk moet dan gekoppel word aan 'n voetnoot waar die volledige besonderhede uiteengesit word; verdere voetnote moet outomaties genommer word, beginnende by voetnoot 1.

Voorbeelde

Titelkopskrif:

John Jacobs [of J C Jacobs]
BComm LLB LLM PhD
Professor, Universiteit van Suid-Afrika*

Pius Langa [of P Langa]
Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika

Voetnoot:

*Ek wil graag die NNS bedank vir die finansiële ondersteuning van hierdie navorsing. Ek is verder dank verskuldig aan Jane Smith vir haar waardevolle kommentaar.

3 Skryfstyl

3 1 Afkortings en leestekens

3 1 1 Afkortings

In die hoofteks word geen afkortings gebruik nie, tensy 'n eienaam herhaaldelik gebruik word. In so 'n geval word die eerste verwysing na die eienaam gevolg deur 'n afkorting in hakies, en word die afkorting daarna deurlopend gebruik. In die voetnote word afkortings soveel moontlik gebruik.

Voorbeelde

Hoofteks:

Volgens artikel 6 van die Grondwet ... [nie art 6]
Die funksies van die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum (SANK) is velerlei. Eerstens moet die SANK sorg dat

3 1 2 Vermy die gebruik van punte en spasies by afkortings.

3 1 3 Afkortings wat gereeld in die voetnote van regsartikels gebruik word, sluit die volgende in:

a - artikel; artikels
cf – vergelyk
GK – Goewermentskennisgewing
hfst – hoofstuk; hoofstukke
nr – nommer; nommers
par – paragraaf; paragrawe
prokl – proklamasie
red – redakteur; reds - redakteurs
reg – regulasie
SK – *Staatskoerant*
uitg – uitgawe
vn – voetnoot; voetnotes
vol – volume; volumes

3 1 4 Die afkortings “bl” of “p” vir “bladsy”, *op cit*, *loc cit*, *ibid* en *idem* word nooit gebruik nie.

3 1 5 'n Verwysing na 'n spesifieke regter bestaan uit die regter se van, gevolg deur afgekorte ampstitel in hoofletters.

Voorbeelde

R – Regter; RR - Regters
AR – Appélregter; ARR - Appélregters
HR – Hoofregter
RP – Regterpresident
AdjRP – Adjunkregterpresident
WnR – Waarnemende regter
WnAR – Waarnemende appélregter
P - President

3 1 6 Waar tussen hakies geskryf word, word leestekens (punte, kommas, dubbelpunte ens) altyd na die laaste hakie geplaas. Waar 'n volsin binne 'n paragraaf egter tussen hakies voorkom, word die punt voor die laaste hakie geplaas.

Voorbeeld

Die faktore is dwaling (*error*), bedrog (*dolus*) en vreesaanjaging (*metus*).

3 1 7 Voetnoot verwysings volg na leestekens en aanhalingstekens

Voorbeelde

1. 2. 3. 4. 5. en nie 1. 2. 3. 4. 5. nie.

3 2 Aanhalings en aanhalingstekens

3 2 1 Aanhalings moet spaarsamig en verkieslik slegs as treffende illustrasies gebruik word. Aanhalings moet ook so kort moontlik wees.

3 2 2 Wanneer 'n volsin (of 'n gedeelte van 'n volsin as 'n selfstandige sin) aangehaal word, moet die aanhaling in 'n aparte paragraaf vervat word, wat ingekeep is aan die linkerkant en voorafgegaan word deur 'n dubbelpunt.

3 2 3 Aanhalings moet *presies in ooreenstemming met die oorspronklike teks* wees (dws met leestekens, hoofletters ens). Waar 'n aanhaling 'n verwysing na 'n voetnoot bevat, moet verkieslik aangedui word dat die voetnoot uitgelaat is. Andersins moet die voetnoot in vierkantige hakies in die hoofteks geplaas word.

Voorbeelde

Hoofteks:

Volgens Harms AR:

“The effect of a non-variation clause has been the subject of two judgments of this Court, namely *Shifren* and, latterly, *Brisley v Drotsky*.”¹²³

Voetnoot:

123 *Telcordia Technologies Inc v Telkom SA Ltd* 2007 3 SA 266 (SCA) para12 (voetnote uitgelaat).

of

Hoofteks:

Volgens Harms AR:

“The effect of a non-variation clause has been the subject of two judgments of this Court, namely *Shifren* [SA *Sentrale Ko-op Graanmaatskappy Bpk v Shifren* 1964 (4) SA 760 (A)] and, latterly, *Brisley v Drotsky* [2002 4 SA 1 (SCA)]”.¹²³

Voetnoot:

123 *Telcordia Technologies Inc v Telkom SA Ltd* 2007 3 SA 266 (SCA) para 12.

3 2 4 Byvoegings tot en weglatings uit aanhalings moet so ver moontlik vermy word. Byvoegings moet geplaas word tussen vierkantige hakies en weglatings moet aangedui word deur 'n ellips (...). Aanhalings moet nie met 'n ellips begin nie, maar kan daarmee eindig. Hoofletters en kleinletters kan aangepas word met behulp van vierkantige hakies.

Voorbeelde

Volgens Innes HR:

“[T]here can be no ratification of a contract ... which is prohibited ... by statute. Counsel [for the appellants] did not argue this point ...”

3 2 5 Dubbelaanhalingstekens (“...”) moet gebruik word vir aanhalings en enkelaanhalingstekens vir 'n aanhaling binne 'n aanhaling (“...’...’...”). Indien die aanhaling uit 'n volledige sin bestaan moet aanhalingstekens aan die einde van die aanhaling geplaas word *na* die laaste leesteken (punt, komma ens) in die aanhaling. Indien die aanhaling egter uit slegs 'n gedeelte van 'n sin

bestaan, moet die aanhalingstekens voor die laaste leesteken (punt, komma ens) geplaas word. Die gebruik van blok aanhalingstekens is nie toelaatbaar nie ("...").

Voorbeelde

Volgens Nicholson R:

"Of significance are the following comments in 1986 *TSAR* 232 by Van der Walt who states 'In gevalle soos die wat hierbo vermeld is, herstel die Hof deur verlening van die gevraagde regshulp die versteuring van die *daadwerklike beheer* ...'."¹²⁴

In *Henson v City of Dundee*¹ was 'n onwelkome handeling gedefinieer as, onwelkom

"in the sense that the employee did not solicit or incite it, and in the sense that the employee regarded the conduct as undesirable or offensive".²

3 3 Onderstreping en kursivering

- 3 3 1 Onderstreping word nie toegelaat nie, veral nie as 'n alternatief tot kursivering nie.
- 3 3 2 Aanhalinge word nie gekursiveer nie, behalwe indien en vir sover die oorspronklike of gedeeltes daarvan self kursief is en onderhewig aan 3 3 4 hieronder.
- 3 3 3 Woorde uit enige taal anders as die taal waarin die bydrae geskryf is, word gekursiveer en nie in aanhalingstekens geplaas nie.
- 3 3 4 Kursivering word gebruik om woorde, sinsnedes of sinne te beklemtoon. Indien dit vir hierdie doel in 'n aanhaling gebruik word, moet dit duidelik so aangedui word aan die einde van die aanhaling deur frases soos "eie beklemtoning" of "eie kursivering".

3 4 Hoofletters

(Let daarop dat die gebruik van hoofletters in Engels verskil. Sien die Engelse weergawe van die Outeursinligting.)

- 3 4 1 Hoofletters word so min as moontlik in Afrikaanse bydraes gebruik. Gevalle waar dit wel gebruik word, sluit in eiename, voorname en vanne en 'n ampsbenaming wat na 'n bepaalde individu verwys.

Voorbeelde

Die Minister van Verdediging, Mnr Lekota,
daar word van 'n minister verwag om ...
die hooggeregshof

- 3 4 2 In opskrifte word 'n hoofletter slegs vir die eerste letter van die eerste woord gebruik, behalwe waar spelreëls vereis dat hoofletters in die opskrif self gebruik word (bv vir plek- of eiename).
- 3 4 3 'n Voetnoot begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.

3 5 Opskrifte, nommers en *bullets*

- 3 5 1 Bydraes moet onderverdeel wees in logiese eenhede, elk met 'n genommerde opskrif.
- 3 5 2 Genommerde opskrifte moet in die volgende formaat wees (laat punte tussen syfers weg).
Moet asseblief NIE outomatiese numering by opskrifte gebruik nie.

1
1 1
1 1 1
1 1 2
1 2
2
3

- 3 1
- 3 1 1
- 3 1 1 1
- 3 1 1 2
- 3 1 2
- 3 2

Die volgende moet so min moontlik gebruik word: 1) (1) (i) (l) (III) (a) (d) ens. Indien dit wel gebruik móét word, is klein Romeinse syfers verkieslik.

3 5 3 *Bullets* mag gebruik word om inskrywings in ongenommerde lyste te skei .

3 6 Syfers

Getalle onder 20 word voluit in woorde geskryf, behalwe waar na bladsye verwys word of 'n %-teken gebruik word; 20 en getalle bo 20 word in syfers uitgedruk.

3 7 Algemeen

Vermý die gebruik van uitdrukkings soos “die geleerde regter”, “met eerbied”, “respekvol” ens.

Geslagsneutrale taal word aangemoedig. Dit word byvoorbeeld bevorder deur die gebruik van meervoudsvorme of die vermy van geslagspesifieke persoonlike voornaamwoorde. Indien dit nie moontlik is nie, gebruik òf “hy” òf “sy”, maar moet dan nie afwissel tussen die twee in `n spesifieke deel van die teks nie. Moet ook nie “hy/sy” gebruik nie.

4 Verwysings

4 1 Bladsyverwysings – algemeen

4 1 1 Bladsyverwysings word sover moontlik tot voetnote beperk.

Voorbeelde

Hoofteks

“die skrywer beweer¹” of “volgens die hof²”

Voetnoot

1 519.

2 846A.

en nie: “die skrywer beweer op bladsy 519” of “volgens die hof te 846A” nie.

4 1 2 `n Bladsyverwysing in `n voetnoot bevat bloot die nommer van die bladsy en word nie voorafgegaan deur “p” of “bl” of “op” of “te” nie.

4 1 3 Verwysings na opeenvolgende bladsye vermeld die bladsynommers volledig. Daar is geen spasie voor of na die kort koppelteken wat die relevante bladsynommers verbind nie.

Voorbeelde

325-334 of 325-329 (*en nie* 325-34 of 325-9 of 325 – 334 *nie*).

4 1 4 Verwysings in die teks mag deur die woorde “hierbo” and “hieronder” gevolg word, maar nie deur *supra* of *infra* nie. Die afgekorte titels van boeke (sien 4 2), tydskrifte (sien 4 3) en name van vonnisse (sien 4 4) moet nie deur “hierbo” gevolg word nie.

4 1 5 Indien daar meer as een bron in `n voetnoot is, moet die bronne met behulp van kommapunte geskei word.

4 1 6 Voetnote verskyn aan die einde van elke bladsy en nie aan die einde van die manuskrip nie. Voetnote moet opeenvolgend genummer wees in Arabiese syfers.

4 2 Boeke, hoofstukke in boeke, losbladpublikasies, proefskrifte, amptelike publikasies, LAWSA, ongepubliseerde materiaal

4 2 1 Boeke

Die eerste verwysing na 'n boek bevat die volgende besonderhede:

- voorletter(s) en van(ne) van outeur(s) (sien 4 2 1 1)
- volledige titel van die boek met die volume (of bandnommer) (sien 4 2 1 2)
- tweede en verdere uitgawes (indien enige) (sien 4 2 1 3)
- jaar van publikasie in hakies (sien 4 2 1 4)
- bepaalde bladsy(e) na verwys

Daaropvolgende verwysings na boeke bevat die volgende besonderhede:

- van(ne) van outeur(s) sonder voorletters (sien 4 2 1 1)
- afgekorte titel van die boek (sien 4 2 1 2)
- bepaalde bladsy(e) na verwys

Voorbeelde

C Hoexter *Administrative Law in South Africa* (2007) 123 (volledige titel)
Hoexter *Administrative Law* 127-131 (verkorte titel)

S Eiselen & G Pienaar *Unjustified Enrichment A Casebook* (1999) 123 (volledige titel)
Eiselen & Pienaar *Unjustified Enrichment* 234 (verkorte titel)

S van der Merwe, LF van Huyssteen, MFB Reinecke & GF Lubbe *Contract – General Principles* 3 ed (2007) 123 (volledige titel)
Van der Merwe et al *Contract* 234 (verkorte titel)

PQR Boberg *The Law of Delict I* (1984) 331 (volledige titel)
Boberg *Delict I* 331 (verkorte titel)

4 2 1 1 Van(ne) van outeurs met voorletters

Indien daar twee outeurs is, moet die name van beide outeurs, verbind deur 'n ampersand (&), in die eerste en daaropvolgende voetnote verskyn.

Indien daar meer as twee outeurs is, moet alle outeurs se name, geskei deur kommas en 'n ampersand voor die laaste outeur se naam, in die eerste verwysing verskyn. In daaropvolgende verwysings moet net die eerste outeur se naam gevolg deur "et al" (nie gekursiveer nie) verskyn. Indien die betrokke werk hersien is deur verskillende outeurs, word die name van die oorspronklike outeurs uitgelaat in die verkorte titel.

4 2 1 2 Volledige of verkorte titel

Die eerste verwysing haal die volledige titel aan. Daaropvolgende verwysings bevat 'n verkorte titel, bestaande uit 'n beskrywende trefwoord of trefwoorde. Beide volledige en verkorte titels word gekursiveer. Hoofletters word vir alle selfstandige naamwoorde in die titel gebruik, asook vir byvoeglike naamwoorde wat in die professionele of vaktagebruik konseptueel nou met die selfstandige naamwoorde gekoppel is, byvoorbeeld *Burgerlike Proseses*, *Burgerlike Ongehoorsaamheid* ens.

In die geval van meerdere bandnommers volg die nommer van die betrokke band in gekursiveerde Romeinse of Arabiese syfers na die titel, afhangende van watter tipe syfers in die publikasie gebruik word, sonder "vol" of "bk" vooraf. Dit geld vir sowel die volledige as die verkorte titel

Waar twee of meer keer in *opeenvolgende* voetnote na dieselfde bron verwys word, en slegs na daardie bron, hoef bloot 'n bladsynommer in die verdere voetnote vermeld te word.

Voorbeeld

23	M Hogg <i>Obligations</i> 2 uitg (2006) 207.
24	209.
25	135.

4 2 1 3 Uitgawe

In die geval van 'n tweede of latere uitgawe van 'n boek word die nommer van die uitgawe slegs saam met die volledige titel vermeld.

4 2 1 4 Jaar van publikasie

Die jaar van publikasie verskyn tussen hakies om verwarring met bladsynommers te vermy. Verkorte titels bevat nie die jaar van publikasie nie.

4 2 2 Hoofstukke in boeke

Die eerste verwysing na 'n hoofstuk in 'n boek bevat die volgende besonderhede:

- voorletter(s) en van(ne) van die outeru(s) van die hoofstuk (sien 4 2 1 1)
- titel van die hoofstuk in dubbelaanhalingstekens gevolg deur die woord "in"
- die voorletter(s) en van(ne) van die redakteur(s) (sien 4 2 1 1) gevolg deur "(red)" of "(reds)"
- die titel van die boek gekursiveer (sien 4 2 1)
- die eerste bladsy van die hoofstuk en die bladsy(e) nommer waarna verwys word

Daaropvolgende verwysings na hoofstukke bevat die volgende besonderhede:

- die van(ne) van die outeur(s) van die hoofstuk
- 'n verkorte titel van die hoofstuk in dubbelaanhalingstekens, gevolg deur die woord "in"
- 'n verkorte titel van die boek gekursiveer
- die bladsy(e) waarna verwys word

Voorbeelde

M Tushnet "Comparative Constitutional Law" in Reimann & Zimmermann (reds) *The Oxford Handbook of Comparative Law* (2006) 1225 1229-1230 (volledige titel)
Tushnet "Comparative Constitutional Law" in *Handbook of Comparative Law* 1231-1233 (verkorte titel)

JG Lotz & FDJ Brand "Enrichment" in WA Joubert & JA Faris *LAWSA* 9 2 uitg (2005) para 207 (volledige titel met Lotz as oorspronklike outeur en Brand as outeur van die opgedateerde weergawe)
Lotz & Brand "Enrichment" in *LAWSA* 9 para 207 (verkorte titel)

4 2 3 Losbladpublikasies

Indien 'n spesifieke outeur of outeurs verantwoordelik is vir 'n spesifieke afdeling van 'n losbladpublikasie, moet 'n verwysing na sulke losbladpublikasie die volgende besonderhede bevat:

- voorletter(s) en van(ne) van die outeur(s) van die afdeling (sien 4 2 1 1)
- die titel van die afdeling in dubbelaanhalingstekens, gevolg deur die woord "in"
- die voorletter(s) en van(ne) van die redakteur(s) en die woord "(red)" of "(reds)"
- die titel van die losbladpublikasie in kursief
- tweede en daaropvolgende uitgawes (indien enige) (sien 4 2 1 3)
- die afkorting "OD" vir oorspronklike diens of "HD" vir hersieningsdiens, tesame met die hersieningsnommer (waar dit aangedui word), gevolg deur die jaar van publikasie van die huidige opgedateerde uitgawe van

die losbladpublikasie (nie die betrokke afdeling of hoofstuk nie) (alles in hakies)

- die bladsyverwysing(s)

Verdere verwysings na losbladpublikasies moet hanteer word soos verkorte verwysings na hoofstukke in boeke (sien 4 2 2).

Voorbeeld

T Roux "Democracy" in S Woolman, T Roux & M Bishop (reds) *Constitutional Law of South Africa* 2 uitg (HD 1 2009) 10-3 – 10-22 (volledige verwysing)
Roux "Democracy" in *CLOSA* 10-22 (verkorte verwysing)

Indien daar geen aanduiding is dat 'n spesifieke outeur of outeurs verantwoordelik is vir 'n spesifieke afdeling van 'n losbladpublikasie nie, moet 'n verwysing na sulke losbladpublikasies die volgende besonderhede bevat:

- die voorletter(s) en van(ne) van die outeur(s) of redakteur(s) met ("red") of ("reds") (sien 4 2 1 1)
- titel van die losbladpublikasie in kursief
- tweede of verdere uitgawes (indien enige) (sien 4 2 1 3)
- die afkorting "OD" vir oorspronklike diens of "HD" vir hersieningsdiens, tesame met die hersieningsnommer (waar dit aangedui word), gevolg deur die jaar van publikasie van die huidige opgedateerde uitgawe van die losbladpublikasie (nie die betrokke afdeling of hoofstuk nie) (alles in hakies)
- bladsyverwysing(s)

Verdere verwysings moet hanteer word soos verkorte verwysings na boeke (sien 4 2 1).

Voorbeelde

E du Toit, F de Jager, AP Paizes, A St Q Skeen & SE van der Merwe *Commentary on the Criminal Procedure Act* (HD 44 2010) 5-34A (volledige verwysing)
Du Toit et al *Commentary on the CPA* 5-35 (verkorte verwysing)

N Steytler & J de Visser *Local Government Law of South Africa* (HD 2 2008) 4-2 (volledige verwysing)
Steytler & De Visser *Local Government Law* 4-3 (verkorte verwysing)

4 2 4 Proefskrifte

Proefskrifte volg dieselfde stylvoorskrifte as boeke wat die naam van die outeur en die titel van die boek betref. Dit word gevolg deur die naam van die graad waarvoor die proefskrif ingedien is, sowel as die naam van die universiteit wat die graad toegeken het, en die relevante jaar tussen hakies.

Voorbeeld

S Scott *Unjust Enrichment by Transfer in South African Law: Unjust Factors or Absence of Legal Ground?* DPhil thesis Oxford (2005) 8-9 (volledige titel)
Scott *Unjust Enrichment* 8-9 (verkorte titel)

4 2 5 Amptelike publikasies, SA Regshervormingskommissie-publikasies

Amptelike publikasies en SA Regshervormingskommissie-publikasies volg sover moontlik dieselfde stylvoorskrifte wat geld ten opsigte van boeke. Indien 'n verslag 'n nommer het, moet die nommer eerder as die datum daarvan gebruik word.

Voorbeelde

RSA *First Report of the Constitutional Committee of the President's Council* PC 3/1982 112-115 (volledige titel)
RSA *First Report of the Constitutional Committee* 112-115 (verkorte titel)

SA Law Reform Commission *Domestic Partnerships Project 118 Report* (2006) 12
 (volledige titel)
 SA Law Reform Commission *Domestic Partnerships Report 14-30* (verkorte titel)

4 2 6 Ongepubliseerde materiaal

Vermy verwysings na ongepubliseerde werke so ver moontlik. Sodanige verwysings volg sover moontlik dieselfde stylvoorskrifte wat geld ten opsigte van boeke en moet aandui hoe die betrokke werk geraadpleeg kan word.

Voorbeeld

JE du Plessis *Enkele Opmerkings oor Restituisie, Remedies, Gemengde Regstelsels en die Europese Privaatreg* (2002) referaat gelewer by die kongres *Ius Commune: Suid-Afrikaanse en Europese Perspektiewe* gehou op Stellenbosch, 15-01-2002 (kopie op rekord by outeur) (volledige titel)
 Du Plessis *Restituisie, Remedies, Gemengde Regstelsels en die Europese Privaatreg* (verkorte titel).

4 3 Tydskrifartikels- of essays, resensies, vonnisbesprekings, koerantartikels en webwerwe

4 3 1 Tydskrifartikels- of essays

Die eerste verwysing moet die volgende besonderhede bevat:

- voorletter(s) en van(ne) van die outeur(s) (sien 4 2 1 1)
- titel van die artikel in dubbelaanhalingstekens (nie gekursiveer nie)
- jaar van uitgawe in hakies (sien 4 3 1 1)
- volume nommer
- naam van die tydskrif (gekursiveer) en verkieslik afgekort (sien 4 3 1 2)
- eerste bladsy van die artikel gevolg deur die spesifieke bladsy(e) waarna verwys word

Verdere verwysings moet verkort wees en die volgende besonderhede bevat:

- van(ne) van die outeur(s)
- jaar van uitgawe in hakies
- naam van die tydskrif gekursiveer en verkieslik afgekort
- spesifieke bladsy(e) waarna verwys word

Voorbeelde

D Simamba "The International Labour Organisation and the Right to Collective Bargaining: An African Perspective" (1989) 110 *SALJ* 515 517-523 (volledige verwysing)
 Simamba (1989) *SALJ* 521-523 (verkorte verwysing)

4 3 1 1 Jaar van publikasie en volume-nommer

In die geval van vervolgartikels word die spesifieke artikel waarna verwys word soos 'n bandnommer van 'n boek aangedui (sien 4 2 1 2). Die Romeinse syfer volg direk na die artikeltitel binne die aanhalingstekens. Dit is egter nie nodig om in afgekorte artikelverwysings die spesifieke aflewering van 'n vervolgartikel te identifiseer nie.

4 3 1 2 Naam van die tydskrif gekursiveer

Erkende afkortings moet so ver moontlik gebruik word met verwysing na tydskrifte.

4 3 2 Resensie-artikels en vonnisbesprekings

4 3 2 1 Resensie-artikels en vonnisbesprekings moet sover moontlik voldoen aan die voorskrifte wat geld by essays (sien 4 3 1).

- 4 3 2 2 'n Verwysing na 'n vonnisbespreking of boekresensie moet die volledige titel bevat waaronder dit oorspronklik verskyn het.

Vonnisbesprekings

LM du Plessis & M Olivier “*Ngqumba v Staatspresident, Damons NO v Staatspresident, Jooste v Staatspresident* 1988 4 SA 224 (A)” (1989) *SA Publikereg* 134 136-137 (volledige verwysing)
 Du Plessis & Olivier (1989) *SA Publikereg* 136-137 (verkorte verwysing)

Boekresensie

C Lewis “*Unjustified Enrichment* by Daniel Visser” (2008) 125 *SALJ* 462 464 (volledige verwysing)
 Lewis (2008) *SALJ* 464 (verkorte verwysing)

4 3 3 Tydskrif- en koerantartikels

Tydskrif- en koerantartikels moet sover moontlik voldoen aan dieselfde voorskrifte as dié wat geld by artikels (sien 4 3 1). Die name van bekende koerante en tydskrifte word nie afgekort nie.

Voorbeeld

LM du Plessis “SA Howe - Grammfone of Politieke Kanaalgrawers?” *Rapport* (18-05-1986) 23 (volledige verwysing) of
 Du Plessis *Rapport* (18-05-1986) 23 (verkorte verwysing).

4 3 4 Webwerwe

Die formaat vir elektroniese bronne hieronder is slegs toepaslik indien die relevante bron uitsluitlik in elektroniese formaat beskikbaar is. Die voorskrifte in 4 2 5 en 4 3 moet dus gevolg word wanneer verwys word na amptelike publikasies of artikels wat beskikbaar is in gedrukte formaat, alhoewel sulke publikasies en artikels ook beskikbaar is in elektroniese formaat, byvoorbeeld op die regering se webtuiste, HeinOnline of ander databasisse.

In 'n verwysing na 'n webwerf moet 'n omvattende en omskrywende verwysing verskaf word. Indien moontlik moet die voorskrifte wat verband hou met outeurs en titels in 4 2 en 4 3 toegepas word. Die titel moet gevolg word deur die adres van die webwerf en die datum wanneer die webwerf besoek is, in hakies. Dit word voorgestel dat die outeurs die webwerwe weer besoek wanneer bladproewe aan hulle gestuur word en die meer onlangse datum gevolglik ingevoeg word.

4 3 4 1 Elektroniese tydskrifte of joernale

Die voorskrifte wat verband hou met tydskrifte en joernale (sien 4 3) vind ook toepassing wanneer verwys word na elektroniese tydskrifte of joernale. Die URL en die datum wanneer die webwerf besoek is moet ook voorsien word.

Voorbeeld:

N Kornet “Contracting in China: Comparative Observations on Freedom of Contract, Contract Formation, Battle of Forms and Standard Form Contracts” (2010) 14 *Electronic Journal of Comparative Law* 1 3-4 <<http://www.ejcl.org/141/art141-1.pdf>> (besoek 7-12-2010) (volledige verwysing)
 Kornet (2010) *Electronic Journal of Comparative Law* 4 (verkorte verwysing)

4 3 4 2 Regspraak

Vir 'n voorbeeld van 'n regspraak wat slegs in elektroniese formaat beskikbaar is, sien 4 4 8 hieronder.

4 3 4 3 Ander elektroniese bronne

Die eerste verwysing na 'n elektroniese bron moet die volgende besonderhede bevat:

- voorletter(s) en van(ne) van outeur(s) of redakteur(s) (met "(red)" of "(reds)"), of die instelling wat as outeur, redakteur of samesteller dien. Wanneer geen outeur aangedui is nie, moet daar aangemeld word dat die outeur "Anoniem" is.
- volle titel van die dokument of teks op die webwerf, in dubbelaanhalingstekens
- die datum van elektroniese publikasie, of die nuutste opdatering van die webwerf
- die titel van die webwerf gekursiveer, hierdie is gewoonlik die hoof titel soos aangedui op die tuisblad
- die URL adres van die spesifieke webwerf, in hakies (< >); verwyder die hiperskakel uit die teks of artikel
- die datum wanneer die outeur die spesifieke webwerf besoek het, in hakies, en in die formaat dd-mm-jjjj)

Die bladsy- of paragraafverwysing (indien enige) moet net voor die URL adres verskyn.

Die URL wat voorsien word behoort direk te lei na die dokument of teks waarna verwys word. Dus, indien die dokument of teks waarna verwys word nie op die tuisblad van die webwerf verskyn nie, is 'n URL wat na die tuisblad van die webwerf lei onvoldoende.

Byvoorbeeld, die verwysing hieronder is nie korrek nie, aangesien die URL nie direk lei na die teks waarna verwysing gemaak was nie:

OECD "Tax Reforms to improve Economic Performance" (08-12-2010) *OECD*
<<http://www.oecd.org/home>> (besoek 07-12-2010)

Die verwysing hieronder, vir dieselfde teks, is korrek:

OECD "Tax Reforms to improve Economic Performance" (08-12-2010) *OECD*
<http://www.oecd.org/document/45/0,3343,en_21571361_44315115_46639597_1_1_1_1,00.html> (besoek 07-12-2010)

Voorbeelde:

P de Vos "Fifa World Cup: Bad for Human Rights?" (29-01-2010) *Constitutionally Speaking* <<http://constitutionallyspeaking.co.za/fifa-world-cup-bad-for-human-rights/>> (besoek 07-12-2010)

E McArdle "FutureEd 2: A Major Conference explores how Legal Education will change amidst Rapid Globalization (Video)" (02-12-2010) *Harvard Law School* <<http://www.law.harvard.edu/news/spotlight/classroom/futureed-conference.html>> (besoek 07-12-2010)

JurisPedia contributors "Netherlands" (17-10-2007) *JurisPedia, The Shared Law* <<http://en.jurispedia.org/index.php/Netherlands>> (besoek 07-12-2010)

Anoniem "These Issues are not just Black and White" (07-12-2010) *University of Oxford* <http://www.ox.ac.uk/media/behind_the_headlines/101307.html> (besoek 07-12-2010)

Verdere verwysings na elektroniese bronne bevat die volgende besonderhede:

- die van(ne) van die outeur(s) of redakteur(s), of die instelling wat as outeur, redakteur of samesteller dien. Wanneer geen outeur aangedui is nie, gebruik "Anoniem".
- volle titel van die dokument of teks op die spesifieke webwerf, in dubbelaanhalingstekens.
- die titel van die webwerf gekursiveer, gewoonlik die hoof titel soos aangedui op die tuisblad

Voorbeeld

E McArdle “FutureEd 2: A Major Conference explores how Legal Education will change amidst Rapid Globalization (Video)” (02-12-2010) *Harvard Law School* <<http://www.law.harvard.edu/news/spotlight/classroom/futureed-conference.html>> (besoek 07-12-2010) (volledige verwysing)
 McArdle “FutureEd 2: A Major Conference explores how Legal Education will change amidst Rapid Globalization (Video)” *Harvard Law School* (verkorte verwysing)

Indien al die besonderhede wat benodig is vir verdere verwysings nie beskikbaar is nie, moet 'n volle verwysing (insluitend die URL) verskaf word elke keer wat verwys word na daardie elektroniese bron.

4 4 Regspraak

- 4 4 1 Die algemeen-gangbare verwysingstyl van toepassing op die jurisdiksie van oorsprong word gebruik. In die geval van Suid-Afrikaanse regspraak word leestekens en hakies weggelaat behalwe in verwysings na 1946, waar jurisdiksieverwysings in hoofletters tussen ronde hakies geplaas word. Let daarop dat beslissings deur die Hoogste Hof van Appél (HHA) afgekort word, terwyl beslissings deur die voormalige Appélhof (A) afgekort word.

Voorbeelde:

Smith v Smith 1946 AD 201 203
Alton Coach Africa CC v Datcentre Motors (Pty) Ltd t/a CMH Commercial 2007 6 SA 154 (D&CLD)
Sonap Petroleum (SA) (Pty) Ltd v Pappadogianis 1992 3 SA 234 (A)
Constantia Insurance Co Ltd v Compusource (Pty) Ltd 2005 4 SA 345 (SCA)
Move On Up 254 (Pty) Ltd v Martin Kruger Associates CC 2010 2 All SA 369 (WCC)
Minister for Justice and Constitutional Development v Nyathi 2010 4 BCLR 293 (CC)

- 4 4 2 Slegs die naam van die saak word in die hoofteks aangehaal. Verdere besonderhedere aangaande die saakverwysing (bv jaar, afkorting(s) wat die hofverslag aandui waarin die vonnis opneem is, volume, bladsynommer en hof waaruit die beslissing afkomstig is) moet in 'n bygaande voetnoot uiteengesit word.

Indien 'n voetnoot verwys na 'n saak waarna in die voorafgaande voetnoot verwys word, hoef slegs die toepaslike bladsy of paragraaf van die saak in die daaropvolgende voetnoot aangedui te word. Waar 'n bydrae gereeld na dieselfde saak verwys (bv in 'n vonnisbespreking), hoef die volledige aanhaling slegs in die eerste verwysing te verskyn; daarna hoef slegs na die toepaslike bladsynommer of paragraaf verwys te word.

Voorbeelde

Hoofteks

In *Tao Ying Metal Industry Pty Ltd v Pooe NO*¹² it was held that an arbitrator has to ensure at the outset that the ambit of the dispute has been properly circumscribed. According to Nugent JA, an award may also not be founded on matters that occur to the arbitrator but that the parties have had no opportunity to address.¹³

Voetnoot

¹² 2007 5 SA 146 (SCA) para 5
¹³ Para 6.

Dit is toelaatbaar om 'n verkorte weergawe van die saak se naam in die hoofteks te gebruik, bv “die *Tao Ying*-saak”; maar, verkorte weergawes van saakname mag nie in voetnotes verskyn nie. In die voetnotes moet volle saakverwysings elke keer verskaf word.

- 4 4 3 Aanduidings soos “en 'n ander/andere” of “and another/others” word weggelaat *maar nie* “NO” of “NNO” nie. Waar “NNO” deur “en 'n ander/andere” of “and another/others” voorafgegaan word, word die laasgenoemde aanduidings egter ook behou.
- 4 4 4 Woorde soos “op” of “te” voor 'n bladsyverwysing is onnodig. Slegs die tersake bladsynommer(s) word vermeld. Waar paragrawe ook bv A, B, C ens genommer is (soos in die SA Hofverslae), word paragraafverwysings verkieslik ingesluit.

Voorbeelde

846A, 223B-D of 331C-332D

- 4 4 5 Waar 'n reeks vonnisse in 'n voetnoot vermeld word, word hulle met kommapunte van mekaar geskei.
- 4 4 6 Verwysings na Suid-Afrikaanse beslissings voor 1910 moet die riglyne neergelê in Hahlo & Kahn *The South African Legal System and its Background* (1973) 293-301 nakom, maar verwysings na leestekens weglaat.

Voorbeelde

Muter's Executors v Jones 1860 3 Searle 356 359
Barker v Barker 1829 1 Menz 265 268.
Tradesmen's Benefit Society v Du Preez 1887 5 SC 269 272.

- 4 4 7 Ongerapporteerde uitsprake moet die volgende inligting bevat: die naam van die saak; 'n jurisdiksieverwysing afgekort in die taal waarin die bydrae geskryf word; die datum waarop uitspraak gegee is (in die vorm dd-mm-jjjj) en die saaknommer.

*Voorbeeld**Waks v Jacobs en die Stadsraad van Carletonville* TPA 30-10-1989 saak nr 5971/89

- 4 4 8 Uitsprake wat slegs elektronies toeganklik is en in 'n bekende bron verskyn wat uitsprake rapporteer, word aangehaal volgens die gevestigde gebruik vir daardie bron.

*Voorbeeld**Strydom v Liebenberg* [2007] JOL 20689 (SCA)

Ander uitsprake wat slegs elektronies beskikbaar is, moet aangehaal word volgens die riglyne wat algemeen by elektroniese materiaal geld, en moet die datum van die uitspraak en die bepaalde hof insluit (sien 4 3 4).

Voorbeeld

Esau v Minister van Veiligheid en Sekuriteit (100/2008) 2009 ZANCHC 24 (4 Mei 2009) SAFLII <<http://www.saflii.org/za/cases/ZANCHC/2009/24.html>> (besoek 10-12-2010)

4 5 Wetgewing

- 4 5 1 Die kort titels van wette word nie gekursiveer nie, en geen leestekens word gebruik nie. Die eerste verwysing moet die volledige verwysing bevat in die hoofteks (naam en verdere besonderhede, soos bv die nommer en jaar) en daarna word slegs die naam aangehaal.

Voorbeelde

Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (eerste verwysing)
 Nasionale Kredietwet (daaropvolgende verwysings)

- 4 5 2 In terme van die Wet op die Verwysing na Konstitusionele Wet 5 van 2005 moet die 1996 Grondwet van Suid-Afrika nie soos parlamentswette genommer word nie (maw nie as Wet 108 van 1996 nie), maar slegs as die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.
- 4 5 3 sien 3 1 3 hierbo in verband met aanvaarbare afkortings met betrekking tot verwysings na wetgewing.
- 4 5 4 Verwysings na ondergeskikte wetgewing moet verkieslik ook die *Staatskoerant* identifiseer waarin dit voorkom.

Voorbeelde

Prokl R138 in SK 8331 van 06-08-1982

GK R3 in SK 7356 van 02-01-1981 (vir regulasies)

- 4 5 5 Verwysings na wetsontwerpe moet die nommer van die finale weergawe van die wetsontwerp insluit of die *Staatskoerant* identifiseer vir konsep wetsontwerpe.

Voorbeeld

The Sectional Titles Schemes Management Bill B20-2010
The Sectional Titles Schemes Management Bill (konsep) in GK R1447 SK 32666 van 30-10-2009

4 6 Ou Bronne

Waar vaste konvensies bestaan, word dié gevolg. Waar vaste konvensies nie bestaan nie, word 'n ou bron soos enige moderne werk aangehaal

Voorbeelde

D 9 2 5 3, D 9 2 27 pr
I 2 1 31
C 10 15
Nov 134 9
De Groot Inl 3 32 7 De Groot De Jure Belli ac Pacis 2 10 2 1
Voet 47 1 2
Groenewegen De Leg Abr 4 10
Van Leeuwen CF 1 2 4 5 Van Leeuwen RHR 2 5 1
Van der Linden Koopmans Handboek 1 7 2
Van der Keessel Th 323 Van der Keessel Praelectiones ad Gr 2 4 38
Schorer ad Gr 3 27 6
Van Bynkershoek Obs Tum 303
Pauw Obs Tum Nov 128
Vinnius ad I 2 1 39

5 Outeursreg

Outeursreg in materiaal wat vir publikasie in die *Stellenbosse Regstydskrif* voorgelê word, word deur die outeurs voorbehou. Deur aanname van 'n aanbod om materiaal in die *Stellenbosse Regstydskrif* te publiseer, verleen outeurs 'n ewigdurende, eksklusiewe, onherroeplike, onbelemmerde en outeursaandeel-vrye lisensie aan die redakteurs en uitgewers om die materiaal te publiseer, te reproduseer en te versprei in die *Stellenbosse Regstydskrif*, in wesenlik dieselfde vorm as waarin dit ingedien is, ongeag hoe dit versprei word (insluitend op die internet), en om die materiaal in die geheel of gedeeltelik te gebruik met die doel om die *Stellenbosse Regstydskrif* te adverteer of te bevorder. Deur aanname van 'n aanbod om te publiseer stem outeurs in om nie die materiaal elders te publiseer sonder dat voorafgaande, geskrewe toestemming deur die uitgewers verleen is nie. Outeurs mag 'n samevatting of inleidende paragraaf oor die gepubliseerde artikel plaas op 'n nie-kommersiële webwerf (dws 'n webwerf wat slegs gratis inligting verskaf om daardeur die outeur se navorsing, praktyk of besigheid te bevorder). Enige reproduksie van die materiaal wat in die *Stellenbosse Regstydskrif* gepubliseer is, moet soos volg aan die *Stellenbosse Regstydskrif* toegeskryf word: (jaar van uitgawe) bandnommer *Stell LR* bladsynommer, © Juta & Kie.

6 Laster

Alhoewel die uitgewers en redakteurs nooit opsetlik enige materiaal wat hulle as lasterlik of potensieel lasterlik beskou, sal publiseer nie, sal hulle nie daarvoor verantwoordelik wees om outeurs oor enige potensieël-lasterlike inhoud te adviseer nie. Deur aanname van 'n aanbod om in die *Stellenbosse Regstydskrif* te publiseer, stem outeurs in om die uitgewer en redakteurs skadeloos te stel ten aansien van enige eis voortspuitend uit laster, of enige gelyksoortige eis wat teen hulle ingestel mag word.

01-01-2011